Tydlose proelokale

Wyne is net anders as dit by 'n proelokaal gekoop is. As daardie spesiale bottel wat na 'n gesellige wynproe by die kelder, maande later by die huis oopgemaak word, herleef ek dikwels die proe-ervaring, gasvryheid en selfs kelder-atmosfeer van toe die bottel gekoop is.

Ek woon in die hartjie van die wynlande, maar dit beteken nie dat ek nie ook van agt tot vyf werk en maar gedruk is vir tyd om al my daaglikse takies van kinders aflaai by die skool en pos optel na werk te verrig nie. En dan nie by my wyntjie uitkom nie.

Dit bring my by die rede vir dié brief: proelokale se tye maak nie sin nie! Die meeste proelokale se deure word 17:00 die middag of in die winter selfs vroeër gesluit. Dan stroom die karre (potensiële kliente) oppad terug van die werk verby bottoe wynkelders en stop maar by Spar of die drankwinkel vir 'n bottel wyn sonder die proelokaal belewenis.

Naweke is by sekere plase selfs erger. Daar is gevalle waar die proelokaal personeel 9:00 die oggend slaggereed staan vir die kliente wat ná 11 begin instroom en dan proeërs subtiel 15:00 begin wegwuif om voor 16:00 te kan sluit. Is laatmiddag nie juis die ideale tyd vir 'n rustige wyntoer of sundowner nie? En regtig, wie wil 9:00 die oggend begin rooiwyn drink?

'n Klein aanpassing in die tye waartydens proelokale wyn verkoop, sal die wêreld se verskil maak.

Habakuk Henkelmann

Baie dankie vir u brief – ek is geneig om met u saam te stem! Hierdie is 'n kwessie wat al by vele ledevergaderings bespreek is, en ek self verstaan nie lekker waarom enige proelokaal 08:30 op 'n Maandag reeds oop is nie.

Dit bly egter elke plaas se besluit wat hul openingstye is; dit is geensins iets wat op lede van die Stellenbosch Wynroetes afgedwing kan word nie. Die proelokale wat egter wel tydens meer besoeker-vriendelike ure oop is, pluk definitief die vrugte vir hul moeite!

Kleine Zalze, Sylvanvale en Eaglevlei se proelokale is sewe dae per week tot 18:00 oop. Delheim is ook sewe dae per week oop tot 16:00. Dieselfde met Blaauwklippen, Dornier, Hidden Valley, Morgenster, Muratie, Neethlingshof, Skilpadvlei, Somerbosch, Spier, Stellenzicht, Welmoed, Vergelegen, Zevenwacht en Zorgvliet. Plase soos Longridge, Avontuur en Uva Mira wat sundowners aanbied in seisoen is geweldig gewild, en hul proelokaal verkope het geweldig toegeneem as 'n resultaat hiervan.

Annareth Jacobs, hoof uitvoerende beampte
Stellenbosch American Express Wynroetes